Laerskool Orion 20

LAERSKOOL ORION

011 868 5562/3 info@lsorion.co.za Toinettestraat 6, Brackenhurst, 1448

# GEDRAGSKODE VIR OUERS EN ONDERSTEUNERS

## ALGEMENE BELEID

Die deelname aan skoolsport se primêre doelwit is opvoedkundig van aard.

## DOEL VAN SKOOLSPORT

Om deelname aan te moedig en om leerders toe te rus met sportmanskap, selfdissipline, selfbeheersing en deursettingsvermoë.

## VEREENSELWIGING MET LAERSKOOL ORION

- Ouers en toeskouers moet hulself as verteenwoordigers van Laerskool Orion sien wanneer hulle wedstryde bywoon om hul kinders te ondersteun.
- Daar word van alle ouers verwag om die span waarin sy/haar kind te ondersteun, so ook al die spanne van die skool wat op die dag speel.

## GEDRAG TYDENS WEDSTRYDE

- Deurlopende positiewe ondersteuning en gedrag word hoog op prys gestel.
- Ouers en ondersteuners word versoek om hulle te weerhou van negatiewe opmerkings/afbrekende kommentaar of swak taalgebruik teenoor skeidsregters, personeel, spelers of ondersteuners van die opposisie.
- Daar word van ouers en ondersteuners verwag om nie die speelveld te betree nie en om ook vanaf afgebakende areas te ondersteun.
- Geen ouer of ondersteuner mag gedurende halftyd water/koeldrank vir spelers op die veld neem nie.

- Ouers se gedrag moet van so aard wees dat u altyd die skool se beeld positief na buite sal uitdra en nie in so manier optree dat die beeld van die skool benadeel word nie.
- Wens alle spelers geluk, ongeag die wedstryd se uitslag.
- Gee applous vir enige speler of span se goeie prestasie en pogings.
- Respekteer beamptes se besluite – moedig kinders aan om dieselfde te doen.
- Toon waardering vir afrigters, beamptes en administrateurs – hulle is vrywilligers.

**BESERINGS**

- Ouers en toeskouers word versoek om nie op die veld te gaan wanneer 'n speler 'n besering opdoen nie. Indien deur mediese personeel en afrigters dit versoek sal die betrokke ouers nader geroep word.

**SPANKEUSES**

- Daar word van ouers versoek om nie in te meng met die afrigter se spankeuses nie. Navrae kan wel op die regte tydstip aan die sportorganiseerder gerig word, waar die sportorganiseerder dan die nodige terugvoer sal gee.

**KOMMUNIKASIEKANALE**

- Enige navrae of probleme kan aan die sportorganiseerder gerig word. (morne@lsorion.co.za)
- Probleme kan ook met die betrokke persoon bespreek word, maar nie langs die veld of direk na wedstryde nie.

# LAERSKOOL ORION

011 868 5562/3 info@lsorion.co.za Toinettestraat 6, Brackenhurst, 1448

**<u>ONTHOU</u>**

- Die spelers is kinders.
- Dit is net 'n spel.
- Die afrigters is vrywilligers.
- Die skeidsregters is net menslik.
- Vandag se wedstryd is nie 'n toetswedstryd nie.

Mnr. M van Rooyen — Mnr. M Eksteen

HOOF — Sportorganiseerder

---------------------------------------------------------------------------------------------------

Ek ___________________________________________ (naam en van)

van Laerskool Orion het die dokument gelees en verstaan die inhoud as

bindend op my gedrag en voorbeeld as ________________(ouer/ondersteuner).

______________________________________________________________________

| Naam en van | Handtekening | Datum | PLEK |
|---|---|---|---|